

KRITERIA VIR WOORDEBOEKWERKBOEKE IN AFRIKAANS

Michele F. van der Merwe, Departement Kurrikulumstudies, Universiteit van Stellenbosch,
Stellenbosch, Suid-Afrika (michelevdm@sun.ac.za)

Opsomming: Hierdie artikel is 'n kritiese evaluering van woordeboekwerkboeke in Afrikaans. Die woordeboekwerkboeke word gekategoriseer en hul teikengebruikers word geïdentifiseer en beskryf. Die artikel probeer om op 'n sistematiese wyse die verskillende werkboeke van die grootste skoolwoordeboekuitgewers in Suid-Afrika, naamlik Maskew Miller Longman, Oxford, Pearson Education en Pharos te ondersoek en die inligting wat hulle aanbied, te kategoriseer, te analiseer en te vergelyk. Stark (1990: 1) het sekere riglyne vir woordeboekwerkboeke binne die teorie van woordeboekstrukture opgestel en hulle word ondersoek. Die teorie van woordeboekfunksies word op woordeboekwerkboeke in hierdie artikel toegepas. Die inhoud van woordeboekwerkboeke word beskryf in die konteks van leksikografiese funksies van woordeboeke en op grond hiervan word aangevoer dat 'n nuwer indeling van die inhoud van woordeboekwerkboeke gebruik kan word.

Sleutelwoorde: AFRIKAANSE OPVOEDKUNDIGE LEKSIKOGRAFIE, SKOOLWOORDEBOEKE, AANLEERDERSWOORDEBOEKE, WOORDEBOEKWERKBOEKE, WOORDEBOEFUNKSIES, KOGNITIEFGERIGTE FUNKSIES, KOMMUNIKATIEFGERIGTE FUNKSIES, ALFABETISERING, NASLAANVAARDIGHEDE, TEIKENGEBRUIKER, DIDAKTIESE LEIDING

Abstract: Criteria for Dictionary Workbooks in Afrikaans. This article is a critical evaluation of dictionary workbooks in Afrikaans. The dictionary workbooks are categorized and their target users are identified and described. The article tries to examine in a systematic way the different workbooks of the biggest school dictionary publishers in South Africa, namely Maskew Miller Longman, Oxford, Pearson Education and Pharos and to

categorize, analyze and compare the information they provide. Stark (1990:1) compiled certain guidelines for dictionary workbooks within the theory of dictionary structures and they are investigated. The theory of dictionary functions are applied with regard to dictionary workbooks in this article. The content of dictionary workbooks is described in the context of lexicographical functions of dictionaries and on this ground it is argued that a newer classification of the contents of dictionary workbooks could be made.

Key words: AFRIKAANS PEDAGOGICAL LEXICOGRAPHY, SCHOOL DICTIONARIES, LEARNER'S DICTIONARIES, DICTIONARY WORKBOOKS, DICTIONARY FUNCTIONS, COGNITIVE FUNCTIONS, COMMUNICATIVE FUNCTIONS, ALPHABETIZATION, REFERENCE SKILLS, TARGET USER, DIDACTIC GUIDANCE

1. Inleiding

Skoolwoordeboeke en aanleerderswoordeboeke maak deel uit van die opvoedkundige leksikografie. Verskeie werkboeke of aktiwiteitsboeke vir die gebruik by woordeboeke is in Afrikaans gepubliseer. Woordeboekwerkboeke het 'n belangrike opvoedkundige rol te speel in sowel skole as in die samelewing, aangesien hulle oor probleemoplossende potensiaal beskik. Werkboeke vir die gebruik by woordeboeke kan as 'n belangrike hulpmiddel vir die onderwyser in die taalkunde klas beskou word. Dit kan as opvoedkundige hulpmiddel vir die ontsluiting van inligting in woordeboeke en woordeboekterminologie gebruik word.

Dit is noodsaaklik dat teikengebruikers van woordeboekwerkboeke gespesifiseer word ten einde hulp en leiding aan ouers en onderwysers te verskaf. Teikengebruikers se vaardighede kan verhoog word met behulp van woordeboekwerkboeke indien voldoende didaktiese leiding in die werkboeke verskaf word. Dit het ook 'n belangrike ondersteuningsrol in die verhoging van leerders se taalvlakke te vervul.

Die doel van die artikel is om teikengebruikers van woordeboekwerkboeke te identifiseer en te beskryf. Die inhoud van woordeboekwerkboeke word beskryf en analiseer in die artikel.

Met 'n literatuurstudie kon die skrywer vasstel dat daar nie resente internasionale navorsing beskikbaar is met woordeboekwerkboeke as onderwerp nie en allermens in die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse konteks. Daar word gepoog om 'n nuwer en relevanter indeling vir woordeboekwerkboeke te vind en dit word binne die teorie van leksikografiese funksies in die artikel beskryf. 'n Skematiese vergelyking van die inhoud van woordeboekwerkboeke in terme van woordeboekfunksies word aangebied.

2. Terminologiese kwessies

Stark (1990:1) gebruik die allesomvattende term *woordeboekwerkboek* om na handboeke, handleidings en gebruikersgidse te verwys wat daarop aanspraak maak dat hulle instruksies of aanwysings aan aanleerders van 'n taal bied om woordeboeke te gebruik. In die artikel word die term *werkboek* gebruik, soos in die titels van die nagevorste materiaal gereflekteer, byvoorbeeld *Nuwe Woordeboek sonder grense Werkboek, Senior Fase Graad 7-9* (voortaan afgekort as WSGW), *Pharos Leerderboek by die Aanleerderswoordeboek* (voortaan afgekort as PLA), *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek Werkblaaië*, ongepubliseer en op die internet beskikbaar (voortaan afgekort as HATS), *Pharos Leerderboek by die Skoolwoordeboek* (voortaan afgekort as PLS) en *Oxford Tweetalige Skoolwoordeboek Werkboek* (voortaan afgekort as OTSW).

Die WSGW-reeks bestaan uit werkboeke vir graad 4, graad 5, graad 6, graad 7-9, maar vir die doel van die artikel word op laasgenoemde, naamlik die werkboek vir die senior fase gefokus. HATS het werkbladsye, blokkiesraaisels en woordsoekraaisels beskikbaar wat gratis by www.hat-longman.co.za afgelaai kan word en waarvoor die gebruiker op die titelblad van HATS ingelig word. PLA en PLS verskyn as aparte boeke om onderskeidelik saam met *Aanleerderswoordeboek* en *Skoolwoordeboek* te gebruik. Hulle bevat aktiwiteite in Afrikaans en Engels wat as taalpaar in die woordeboeke figureer. OTSW verskyn as

werkboek om saam met *Oxford Afrikaans–Engels Skoolwoordeboek* te gebruik, maar daar is ook 'n klein gedeelte met woordeboekaktiwiteite binne die *Oxford Afrikaans–Engels Skoolwoordeboek*. Aktiwiteite in Afrikaans en Engels word verskaf.

Volgens Stark (1990: 1) kan die meeste werkboeke, opgestel om saam met woordeboeke gebruik te word, in drie algemene kategorieë ingedeel word, naamlik (1) eentalige aanleerderswoordeboeke; (2) eentalige woordeboeke vir moedertaalsprekers en (3) tweetalige woordeboeke. Vanweë die groter rol wat gebruikersbehoefte in die leksikografie speel, vind daar ontwikkeling in woordeboektipologie plaas wat implikasies vir Stark se indeling het. Gouws en Tarp (2008: 66) wys daarop dat daar terminologieverwarring in Suid-Afrika, maar ook in ander lande ten opsigte van die terme *skoolwoordeboek* en *aanleerderswoordeboek* is. Die term *aanleerderswoordeboek* verwys gewoonlik na 'n woordeboek wat gebruikers ondersteun in die aanleer van 'n taal wat nie die verwagte gebruiker se eerste taal is nie, terwyl die term *skoolwoordeboek* verwys na 'n woordeboek wat in die skool gebruik word, gewoonlik om die gebruiksaanwending en verbetering van skoolkinders se eerste taal (of moedertaal) te bevorder (Sien Gouws 2001). Gevolglik word dus verwag dat skoolwoordeboeke eentalige woordeboeke sal wees. Dit is egter nie die geval met *Oxford Afrikaans–Engels Skoolwoordeboek* en *Pharos Skoolwoordeboek* nie. Beide woordeboeke is tweetalige woordeboeke met Afrikaans en Engels as taalpaar. Gouws en Tarp (2008:66) beskou *Oxford Afrikaans–Engels Skoolwoordeboek* vanweë die tweetalige aard daarvan as 'n aanleerderswoordeboek, en dus by implikasie ook *Pharos Skoolwoordeboek*. Beide kwalifiseer as aanleerderswoordeboeke op grond daarvan dat hulle gerig is op die verbetering van die niehuistaal van gebruikers. Gouws (2006:73) argumenteer dat woordeboeke eerder volgens funksie as volgens die tradisionele indeling benoem moet word. Dit val nie binne die bestek van dié artikel om die tradisionele tipologiese indeling van die woordeboeke te beredeneer nie, aangesien die artikel gerig is op die woordeboeke se werkboeke. Die implikasie is egter dat Stark se indeling nie sonder

meer so aanvaar en gebruik kan word nie. Werkboeke kan ook eerder volgens funksie as volgens die tradisionele indeling benoem word.

Pharos gebruik die term *leerderboek* en dit dra by tot terminologieverwarring, want in die Suid-Afrikaanse skoolkonteks verwys die term *leerder / learner* na 'n leerling of 'n skolier en nie noodwendig na 'n *aanleerder* van 'n taal nie. 'n *Leerder / learner* kan dus ook na 'n moedertaalspreker verwys wat 'n woordeboek raadpleeg om meer oor sy moedertaal / huistaal uit te vind. Ook is dit moeilik om *Aanleederswoordeboek* volgens die tradisionele woordeboektipologie te klassifiseer, aangesien dit 'n tweetalige aanleederswoordeboek is met Afrikaans en Engels as taalpaar.

'n Nuwer en funksioneler indeling van werkboeke kan daarin bestaan om slegs twee kategorieë werkboeke te onderskei, en hulle op grond van die taalvaardigheidsvlakke van die teikengroepe te kategoriseer. Hiervolgens word tussen 'n werkboek vir moedertaalsprekers (huistaalsprekers) en 'n werkboek vir taalaanleeders onderskei. Eersgenoemde fokus dan op die verbetering van moedertaalsprekers se taalvlakke en laasgenoemde op die ondersteuning van aanleeders se taalvlakke.

Die bestek van die werkboeke wat vir die doel van die artikel ondersoek word, ressorteer dus onder die volgende twee kategorieë:

'n Werkboek vir taalaanleeders: *Nuwe Woordeboek sonder grense* is 'n eentalige woordeboek vir aanleeders van Afrikaans. *Pharos Aanleederswoordeboek* is 'n tweetalige woordeboek vir aanleeders van Afrikaans en Engels. *Oxford Afrikaans–Engels Skoolwoordeboek* en *Pharos Skoolwoordeboek* is tweetalige skoolwoordeboeke, maar kwalifiseer as aanleederswoordeboeke.

'n Werkboek vir moedertaalsprekers: *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek* is 'n eentalige woordeboek vir moedertaalsprekers van Afrikaans.

3. Die teikengebruikers van werkboeke

Volgens Gouws (2006: 73) word daar in gebruikersgedrewe leksikografie van die standpunt uitgegaan dat die gebruiker, die gebruikersbehoefte, die gebruikersituasie en die gebruikssituasie bepalend is vir die leksikografiese aanbod. Dit sluit aan by die funksieteorie, vgl. Gouws en Prinsloo (2005: 6, 7).

Werkboeke word opgestel om saam met sekere woordeboeke gebruik te word, maar die vraag kan tereg gevra word wie die teikengebruikers van die betrokke boeke is. In 'n gebruikersgedrewe leksikografie word die gebruiker en sy behoeftes vooropgestel en woordeboeke word volgens die behoeftes van die gebruiker opgestel. In 'n gebruikersgedrewe leksikografiese omgewing behoort werkboeke ook teikengebruikers se behoeftes voorop te stel. Word werkboeke opgestel met 'n spesifieke teikengroep in gedagte en word dit so in die werkboek gespesifiseer? Is die werkboek byvoorbeeld op die kind of die onderwyser gerig? Is die werkboek saamgestel om in die klas gebruik te word of is dit vir selfstudie deur die gebruiker?

Vervolgens word die teikengebruikers van die verskillende werkboeke geïdentifiseer, soos deur die betrokke werkboek omskryf:

Volgens die omskrywing van die teikengebruiker in WSGW is dit duidelik dat die woordeboek gerig is op die aanleerders van Afrikaans. Vergelyk die aanhaling uit *Nuwe Woordeboek sonder grense* (Voorwoord vir die onderwyser): "Die woordeboek is saamgestel vir leerders in graad 4 tot 12 wat addisionele taalsprekers van Afrikaans is. Leerders van die Eerste en Tweede Addisionele Taal kan hierdie woordeboek met vrug regdeur al die skoolfasies gebruik. Die *Nuwe Woordeboek sonder grense* en die gepaardgaande *Nuwe Woordeboek sonder grense Werkboek* is ontwikkel vir leerders van Afrikaans as Eerste en Tweede Addisionele Taal. Dit is geskoei op die HNKV vir Tale, en kan saam met die *Nuwe Afrikaans sonder grense*-handboekreeks gebruik word."

'n Teikengebruiker word nie vir OTSW gespesifiseer nie. Die woordeboek is baie vaag daaroor en die uitgewers vermeld onder *Woordeboekkenmerke*, p. iv: "Hierdie woordeboek is ontwerp om jou te help om beter Afrikaans, indien jy 'n leerder van Afrikaans is, of beter Engels, indien jy 'n leerder van Engels is, te skryf en praat." Die afleiding kan gemaak word dat die woordeboek geskik is vir aanleerders van beide Afrikaans en Engels, maar die gebruiker weet nie of dit vir hoër- of laerskoolleerders of dalk beide is nie.

PLS se teikengebruikers word gedefinieer deurdat in die Voorwoord genoem word dat die werkboek vir hoërskoolleerders is, nl. "*Leerderboek* is spesiaal opgestel om saam met Pharos se *Skoolwoordeboek* gebruik te word, wat geskik is vir leerders in graad 8 tot 12." Aangesien *Skoolwoordeboek*, alhoewel tweetalig, 'n skoolwoordeboek is, kan die afleiding gemaak word dat die teikengroep leerders is met Afrikaans Huistaal wat na Engels vertaal en leerders met Engels Huistaal wat na Afrikaans vertaal.

Volgens PLA is die Afrikaanse aktiwiteite veral gemik op Engelse leerders wat Afrikaans as eerste addisionele taal moet aanleer. Daarom word leeruitkomste en assesseringstandaarde vir die Afrikaanse aktiwiteite vir graad 5, 6, 7 en 8 ten opsigte van Afrikaans Eerste Addisionele Taal en Engels Huistaal verskaf. Die Engelse aktiwiteite, daarenteen, is toegespits op Afrikaanse leerders wat Engels as eerste addisionele taal aanleer. Om dié rede word leeruitkomste en assesseringstandaarde vir die Engelse aktiwiteite vir graad 5, 6, 7 en 8 ten opsigte van Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal gegee.

By die aktiwiteite van HATS op die internet word geen melding van teikengebruikers gemaak nie. In die voorwoord van HATS word die volgende egter genoem: "Die *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek* is in die eerste plek vir Afrikaans Huistaal- en Afrikaans Eerste Addisionele Taalleerders geskryf. Die woordeboek voldoen aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulum, maar hoewel die keuse van trefwoorde, die formulering van definisies en die seleksie van voorbeeldsinne en -frases op die skool- en leefwêreld van tieners

afgestem is, is oormatige vereenvoudiging vermy sodat elke gebruiker van Afrikaans, nie net leerders nie, die woordeboek met vrug kan gebruik. "Die afleiding kan dus gemaak word dat die aktiwiteite vir gebruikers van HATS opgestel is.

4. Die inhoud van werkboeke

Stark (1990: 34, 35) beskryf die inhoud van verskeie werkboeke, eerder as om voor te stel hoe die inhoud daarvan verbeter kan word. Alhoewel die meeste werkboeke taal- of taalkundig-georiënteerd is, word van verskillende organisatoriese beginsels ten opsigte van die inhoud gebruik gemaak. Stark (1990: 35) verdeel die inhoudsanalise in ses gebiede, naamlik: (1) die woordeboekmakrostruktuur en formele aspekte van woordeboekkonsultasie, (2) die woordeboek en skryf, (3) die woordeboek en praat, (4) die woordeboek en grammatikale inligting, (5) die woordeboek en semantiese inligting, (6) ander woordeboekverbandhoudende werkboekaktiwiteite en -voorstelle, (6.1) studentgeoriënteerde temas en (6.2) onderwysergeoriënteerde temas.

Geen van die werkboeke wat vir hierdie artikel ondersoek is, verwys na (3) die woordeboek en praat of na (6.1) studentgeoriënteerde temas en (6.2) onderwysergeoriënteerde temas nie. Afdeling (6) (ander woordeboekverbandhoudende werkboekaktiwiteite en -voorstelle) is baie vaag en word as 'n algemene kategorie beskou waar inligting wat nêrens anders inpas nie, bloot geberg kan word. Stark werk binne die teorie van woordeboekstrukture en nie volgens die teorie van leksikografiese funksies nie.

Binne die teorie van leksikografiese funksies onderskei Gouws (2006: 75) tussen twee hoofteipes leksikografiese funksies, naamlik kognitiefgerigte en kommunikatiefgerigte funksies. Die doel van kognitiefgerigte funksies is om die gebruiker ondersteuning te verleen met algemene kulturele en ensiklopediese data, data oor spesifieke vakgebiede en data oor taal. Kommunikatiefgerigte funksies ondersteun gebruikers met die probleemoplossing aangaande teksproduksie in die moeder- en vreemde taal, teksresepsie

in die moeder- en vreemde taal, asook die vertaling van tekste uit die moeder- in die vreemde taal en omgekeerd. Tarp (2008) voeg 'n verdere woordeboekfunksie by, naamlik 'n operasionele wat na 'n addisionele, onderliggende funksie van woordeboeke verwys om gebruikers te help om woordeboeke te gebruik en om woordeboekvaardighede te ontwikkel.

'n Taalgerigte aktiwiteit, byvoorbeeld praat, lees en vertaling, is gewoonlik die motivering vir die gebruik van 'n woordeboek. Tarp en Gouws (2010: 470) onderskei sewe woordeboekfunksies noodsaaklik in skoolwoordeboeke vir huistaalleerders: *kommunikatiewe funksies relevant vir taalkunde*, naamlik om leerders met teksresepsie (geskrewe of mondeling) en met teksproduksie (geskrewe of mondeling) te help; *kognitiewe funksies relevant vir taalkunde*, byvoorbeeld om leerders met grammatika en woordeskat te help, en om hulle meer oor die wêreld te leer; *kognitiewe funksies nie relevant vir taalkunde nie*, naamlik om leerders meer oor die etimologie van woorde te leer; en *operasionele funksies nie relevant vir taalkunde nie*, byvoorbeeld om leerders te help om woordeboekvaardighede aan te leer.

Die teorie van leksikografiese funksies het 'n groot rol te speel in die kategorisering en analise van inligting in werkboeke, soos in die volgende afdeling geïllustreer word.

5. 'n Analise van werkboeke

Vervolgens word 'n analise van die aktiwiteite en die gepastheid al dan nie daarvan vir die sogenaamde teikengebruiker van die werkboek gedoen. Daar word deurgaans na die funksies van woordeboeke verwys.

5.1 Alfabetisering

Alfabetisering, d.w.s kennis van die alfabet en alfabetiese volgorde, is 'n voorvereiste vir 'n woordeboekgebruiker, hetsy 'n leerder of 'n aanleerder om suksesvolle toegang tot 'n woordeboekartikel te bewerkstellig. Dit verwys na die operasionele funksie van

woordeboeke, naamlik om leerders te help om woordeboekvaardighede te ontwikkel.

Alfabetisering kan as 'n pre-operasionele funksie beskou word, aangesien kennis van die alfabet die gebruiker toegang tot die ontsluiting van 'n woordeboek se funksies gee.

NWSG beskik oor drie take om alfabetisering te oefen. In die eerste taak word die alfabet as geheel geoefen, waar aanleerders instruksies verskaf word om letters alfabeties te rangskik. In twee verdere take word aanleerders geleer om ag te slaan op onderskeidelik die tweede, derde, vierde en vyfde letter van woorde indien die vorige letters dieselfde is. Hulle word byvoorbeeld gevra om *g*-woorde, *kl*-woorde en *str*-woorde alfabeties te rangskik. Daar is 'n groot sprong tussen die moeilikheidsgraad van die take en aanleerders kan dit moeilik vind om die tweede en derde take uit te voer, aangesien dit in 'n taal is wat aangeleer word. Dit word wel van seniorfase-leerders verwag om alfabetiese ordening volledig te bemeester het. Twee metodes word gebruik om die take meer kindervriendelik en interessant te maak, naamlik om 'n afdruk van 'n rekenaartoetsbord te verskaf en te vra dat die letters alfabeties gerangskik word. Daar word ook van enkele illustrasies gebruik gemaak waarvan die woorde alfabeties rangskik moet word. Die illustrasie van die skilpad wat deurgaans in die woordeboek aangewend word om addisionele inligting te verskaf, word ook in die werkboek gebruik wat kontinuïteit tussen die werkboek en woordeboek bewerkstellig. Vir 'n taalaanleerder is dit 'n toepaslike gebruik.

OTSW bevat twee oefeninge oor alfabetisering. Die benadering wat gevolg word, is meer kreatief en kindervriendelik, aangesien leerders nie slegs instruksies ontvang om woorde alfabeties te rangskik nie. Denkbeeldige leerders word byvoorbeeld in twee spanne verdeel, naamlik die A-M-span en die N-Z-span en gebruikers moet hulle name in alfabetiese volgorde verskaf. Daar is illustrasies van die denkbeeldige leerders waarmee gebruikers hulle dus kan identifiseer. 'n Tweede en baie kreatiewe oefening word verskaf wanneer leerders 'n alfabetkode moet voltooi met alfabetletters wat 'n sekere numeriese waarde het. Indien die alfabetkode voltooi is, kan dit gebruik word om 'n geheime boodskap

te ontsyfer. Die oefening pas by senior laerskoolleerders se kognitiewe ontwikkelingsvaardighede en bied geleentheid vir stimulerende denke. Vir taalaanleerders van Afrikaans en Engels kan die oefening egter problematies wees. 'n Variasie op die algemene oefening van alfabetisering vind plaas wanneer leerders gevra word om vanne wat met die letter D begin, alfabeties te rangskik. Die ses vanne wat verskaf word, het telkens 'n klinker as tweede letter en leerders word daarop gewys om spesifiek die klinkers in ag te neem. Voorletters word by vanne gevoeg om die moeilikheidsgraad van die oefening te verhoog. Die oefening besit opvoedkundige waarde, aangesien dit 'n praktiese toepassing is soortgelyk aan dié waar leerders 'n nommer in 'n telefoongids moet opsoek. Sodoende word aan leerders gedemonstreer dat naslaanvaardighede nie net beperk is tot die gebruik van 'n woordeboek nie.

'n Verdere voorbeeld van praktiese toepassing van naslaanvaardighede is die gebruik van die indeks van 'n atlas met die opdrag om name van Suid-Afrikaanse dorpe te soek en in alfabetiese volgorde te plaas. Leerders kan so beseft dat die kennis van alfabetiese volgorde 'n voorvereiste vir effektiewe naslaan is, ook by die gebruik van ander naslaanbronne as woordeboeke.

PLA bevat twee aktiwiteite rakende alfabetisering waarvan die eerste 'n voorbereidende aktiwiteit vir die daaropvolgende is. Aanleerders moet die antwoorde op vrae verskaf en dan telkens die eerste letter van elk van die antwoorde neerskryf. Dié letters moet dan gealfabetiseer word. So 'n oefening wat hoëorde-denke van die gebruiker verg, is 'n interessanter manier as om net bloot te versoek dat letters gealfabetiseer word. Daarna word die gealfabetiseerde letters gebruik om 'n tekening te maak wat in 'n diagram verskuil is. Dit getuig van 'n interessante en kreatiewe manier om met die alfabet om te gaan. So 'n visuele voorstelling is gepas vir graad 5-8-aanleerders se ontwikkelingsvlak.

PLS beskik oor twee alfabetiseringsaktiwiteite. In die eerste aktiwiteit word 20 trefwoorde wat met die letters *m*, *n* en *o* begin, verskaf en leerders word versoek om hulle alfabeties te rangskik, soortgelyk aan 'n aktiwiteit in HATS. Leerders word daarop gewys dat 'n mens ook na die derde en vierde letters van 'n woord moet kyk om vas te stel waar 'n woord alfabeties inpas. Dit is meer uitdagend as die HATS-aktiwiteit, aangesien trefwoorde met hoofletters en selfs twee homonieme, naamlik *muil*¹ en *muil*² verskaf word. Dit is die enigste werkboek wat aan homonimiese ordening aandag gee. Dit is baie sinvol, aangesien leerders daarmee gekonfronteer gaan word tydens die naslaanproses in 'n woordeboek.

Die tweede aktiwiteit is ook uniek in vergelyking met ander werkboeke, aangesien dit oor alfabetiese ordening van samestellings handel. Leerders word versoek om 'n trefwoord in die woordeboek na te slaan en na die vertalings van 31 samestellings waarin die woord voorkom, te soek. Nadat aan hulle gedemonstreer is hoe die proses van alfabetiese ordening van samestellings werk, word hulle versoek om die nodige samestellings met 'n trefwoord in die korrekte plek in 'n woordeboekartikel in te vul. Dit is 'n oefening wat hoërorde-denke verg en 'n voorbeeld van 'n baie goeie aktiwiteit vir leerders om die alfabetiseringsbeginsel van samestellings te begryp.

HATS verskaf twee aktiwiteite rakende alfabetisering. In die eerste aktiwiteit moet woorde soos *kuns*, *golf*, *pas*, *diep* en *optel* alfabeties rangskik word en in die tweede aktiwiteit moet woorde wat met dieselfde alfabetletter begin, gealfabetiseer word. Die grootste uitdaging vir leerders is om woorde waarvan die eerste vyf letters identies is, bv. *trompie* en *trompet*, te rangskik. Bogenoemde aktiwiteite bied egter nie veel uitdaging aan 'n hoërskoolleerder nie, aangesien alfabetiese ordening 'n vaardigheid is wat reeds in die laerskool, en spesifiek in die Grondslagfase, bemeester moet word.

5.2 Operasionele funksie

Die operasionele funksie van woordeboeke verwys na die funksie om leerders woordeboekvaardighede aan te leer vir die gebruik van 'n woordeboek ten einde inligting suksesvol te ontsluit. Aktiwiteite in werkboeke wat daarop gemik is om aan die gebruiker hulp te verskaf om die toegangstruktuur van woordeboeke te begryp, sluit in verwysings na gidswoorde, inhoudsopgawe en gebruikerstoeligmaking. Dié funksie word deur al die werkboeke as baie belangrik beskou, aangesien aktiwiteite daarvoor in al die werkboeke voorkom.

Drie werkboeke, naamlik NWSG, HATS en OTSW, bevat aktiwiteite rakende gidswoorde. Die doel van gidswoorde, naamlik om die gebruiker te help om woorde vinniger op 'n bladsy te kry, word in OTSW verduidelik. Hier word 'n spesifieke woordeboekbladsy in die werkboek gewys en die gebruiker word sodoende baie goed bewus gemaak wat 'n gidswoord is en hoe dit in die woordeboek funksioneer. Gebruikers kry opdrag om gidswoorde te soek en dan die vertaling daarvan in Engels neer te skryf (d.w.s. 'n kommunikatiewe funksie). NWSG verwys spesifiek na die woordeboek en gee die opdrag om gidswoorde in die woordeboek na te slaan. Ander aktiwiteite sluit 'n lysie woorde in en aanleerders moet besluit of die woorde tussen twee gegewe gidswoorde voorkom. Dit is 'n goeie aktiwiteit wat opgevolg word met 'n verdere aktiwiteit waar gidswoorde en alfabetiese ordening geïntegreer word. HATS verwys die gebruiker ook na die woordeboek om te kontroleer of sekere woorde op 'n lys binne gegewe gidswoorde val. Deurdat dit terselfdertyd kennis van alfabetiese ordening toets, is dit 'n sinvolle aktiwiteit.

Slegs OTSW verwys na die funksie van 'n inhoudsopgawe en verskaf ook 'n verduideliking daarvoor. Leerders kry die geleentheid met behulp van vyf vrae om inligting in die inhoudsopgawe van die woordeboek op te soek. Dit is funksioneel om woordeboekgebruikers bewus te maak van die feit dat daar 'n inhoudsopgawe in 'n woordeboek kan wees.

NWSG verwys na die skematiese toeliggende aantekeninge in die woordeboek en aanleerders kan 'n aktiwiteit voltooi deur weggelate woorde daarvoor in te vul. Die weggelate woorde sluit begrippe in soos *voorbeeldsin*, *definisie* en *trefwoord* om dele van 'n woordeboekartikel te benoem.

OTSW verwys ook na 'n woordeboekartikel en vra vrae oor dele van die artikel met verwysing na trefwoorde, vertalings en voorbeeldsinne. Verdere aktiwiteite is daarop gerig om die leerder 'n woordeboekartikel te laat soeklees vir verskillende inskrywings om te verseker dat die leerder die artikel verstaan. Leerders word ook verwys na die gebruik van etikette, en in die aktiwiteit moet die korrekte etiket vir die doel van die inskrywings verskaf word.

PLS en PLA bevat beide 'n skematiese voorstelling van woordeboekartikels, asook 'n breedvoerige verduideliking van leksikografiese terme. Dit is nuttige inligting wat die gebruiker nie net help om terme aan te leer nie, maar ook om die tipes inligting wat in die woordeboeke aangebied word, te ontsluit. Daar word na terme soos *trefwoord* en *etiket* verwys en 'n benoeming van tipiese punktuasie wat in woordeboeke gebruik word, byvoorbeeld die tilde en skuinsstreep, vind plaas.

Al die werkboeke wat ondersoek is, verwys na leksikografiese terme soos *trefwoord*, *gidswoord*, *inskrywing*, *etiket*, *kruisverwysing* en *voorbeeldsin*. Ongelukkig word daar terminologie gebruik wat met toepasliker terme vervang kan word. Werkboeke kan eerder verwys na *lemma* in plaas van *trefwoord*, na *artikel* eerder as *inskrywing*, en na *ingevoegde tekste* eerder as *notas*. Die verwysing na leksikografiese terme is 'n gebruikersgesentreerde funksie om die woordeboekgebruiker toe te rus om leksikografiese verskynsels te benoem, te leer ken en te gebruik tydens woordeboekkonsultasie. Dit kan die gebruiker help om sogenaamd "woordeboekgeletterd" te word.

5.3 Kognitiewe funksie

Die kognitiewe funksie van woordeboeke verwys na data oor taal en sluit onder andere inligting oor spelling, leestekens, uitspraak, woordsoorte, woordvorme, asook semantiese inligting in. In hierdie afdeling word inligtingstipes slegs bespreek indien drie werkboeke daarna verwys.

HATS, OTSW en PLS bevat aktiwiteite rakende spelling van woorde. In HATS is drie aktiwiteite wat ten doel het om leerders korrek te leer spel en hulle te leer hoe om 'n woordeboek te gebruik om spelling te kontroleer. In 'n oefening word leerders gevra om 'n ontbrekende letter te verskaf ten einde 'n woord korrek te spel, byvoorbeeld in die geval van **onmiddelik* waar die letter *l* ingevoeg moet word. In 'n volgende aktiwiteit word leerders daarvan bewus gemaak dat woorde in die meervouds- of in die verkleiningsvorm verbuig, d.w.s. die spelling daarvan verander. 'n Derde aktiwiteit is ook baie kreatief opgestel waar leerders moet leer dat letters dikwels dieselfde kan klink, maar nie noodwendig korrek gespel word nie, bv. **vrons* teenoor *frons*.

OTSW bevat twee redigeeraktiwiteite waar leerders spelling en leestekens kan korrigeer. Hulle word ook na die afdeling oor leestekens en spelreëls in die woordeboek verwys. Die redigeeraktiwiteite bevat tipiese foute wat deur Engelssprekendes in Afrikaans gemaak word, byvoorbeeld die verdubbeling van letters wat in 'n lang klank soos in **heele* voorkom. Dit is nie vanselfsprekend dat leerders die antwoorde van die aktiwiteite sonder leiding sal vind nie en dit is nie geskik vir aanleerders van 'n taal nie. Dit geld ook 'n derde aktiwiteit, naamlik 'n keuse van twee woorde wat dikwels verwar en verkeerd gespel word en wat korrek in 'n sin gebruik moet word, bv. *ly* en *lui*.

PLS verwys na Engelse woorde wat dikwels verwar word, bv. *retch* en *wretch*. Leerders moet eerstens die woorde se spelling en betekenis in die woordeboek naslaan en dan die korrekte woord gebruik om 'n gegewe sin te voltooi. Met behulp van dié aktiwiteit vind

naslaanwerk in die woordeboek plaas. So word leerders se kognitiewe vaardighede gestimuleer om die verskil tussen die betrokke woorde se spelling en betekenis te onthou.

Inligting in verband met woordsoorte verwys na sintaktiese of grammatikale inligting oor woorde. NWSG, HATS en PLA beskik oor aktiwiteite waarin woordsoorte bepaal kan word. NWSG begin elke aktiwiteit met 'n begripsverklaring en 'n voorbeeld uit die woordeboek. Dit is didakties baie goed, aangesien dit aan die aanleerder gedemonstreer word. NWSG verwys na die manier waarop woordsoorte in die woordeboek aangedui word, voorbeelde van woordsoorte word verskaf en aanleerders word gevra om definisies van sekere woordsoorte na te slaan. As aktiwiteit word van aanleerders verwag om woordsoorte van losstaande woorde in die woordeboek na te slaan en neer te skryf. Woorde word in isolasie verskaf en die funksie van die woord word ongelukkig nie in 'n sin gedemonstreer nie.

HATS beskik oor drie aktiwiteite rakende woordsoorte. Leerders kry opdrag om die woordsoorte van sekere woorde te identifiseer en daarna in 'n woordeboek na te slaan en te kontroleer of dit korrek is. Tydens 'n tweede aktiwiteit word leerders daarvan bewus gemaak dat 'n woord tot meer as een woordsoort kan behoort en leerders moet die woordsoortgroepe aandui voordat dit in 'n woordeboek nageslaan word. As 'n derde aktiwiteit word sinne verskaf en 'n geïdentifiseerde woord se woordsoort moet benoem word. Dié metode verteenwoordig die korrekte didaktiese hanteringswyse van woorde se grammatikale funksie, aangesien woorde nooit in isolasie beoordeel kan word nie, maar altyd as deel van 'n sin waarin die woord se grammatikale funksie duidelik blyk.

PLA se hantering van woordsoorte vereis meer kognitiewe vaardighede van die aanleerder. Byvoeglike naamwoorde is in 'n rooster versteek en aanleerders moet hulle eerstens identifiseer en dan in die woordeboek kontroleer of hulle wel byvoeglike naamwoorde is. Daarna moet die woorde alfabeties gerangskik word. Die grammatikale funksie van

byvoeglike naamwoorde word ongelukkig nie aan aanleerders geïllustreer nie en die aktiwiteite bly slegs oefeninge in naslaanvaardighede en alfabetisering.

Woordvorming verwys na meervoude, verkleinwoorde, verledetydsvorme, attributiewe vorme en trappe van vergelyking. NWSG illustreer die woordeboek se hantering van meervoude en verkleinwoorde deur na 'n artikel in die woordeboek te verwys. In die aktiwiteit moet aanleerders die meervouds- en verkleiningsvorm van woorde naslaan en dit neerskryf. Daar is ook 'n aktiwiteit waar meervouds- en verkleiningsvorme verskaf moet word en aanleerders die korrekte agtervoegsel by 'n woord moet voeg. Die werkboek bevat 'n oefening oor trappe van vergelyking waar leerders die antwoorde in die woordeboek moet naslaan en HATS bevat aktiwiteite waar al bogenoemde woordvorme gevind kan word. Leerders word gevra om byvoorbeeld meervouds- en verkleiningsvorme in te vul.

OTSW bevat 'n gekombineerde aktiwiteit waar aanleerders die meervouds- en verkleiningsvorm van dieselfde woord moet gee. 'n Oefening oor trappe van vergelyking is voorsien waar aanleerders die vergrotende en oortreffende trappe in die woordeboek moet naslaan en dan moet gebruik om sinne te voltooi. Daar is verder 'n aktiwiteit oor deeltjiewerkwoorde, wat dikwels problematies is vir aanleerders van Afrikaans. Aanleerders word versoek om deeltjiewerkwoorde ook na die verlede tyd te verander.

Inligting oor die semantiese waarde of betekenis van woorde sluit in inligting in verband met illustrasies, definisies, homonimiese vorme, polisemiese onderskeidings, sinonimiese en antonimiese betrekkinge, asook voorbeeldsinne. Alhoewel *HAT Skoolwoordeboek* en *Oxford Skoolwoordeboek* beide illustrasies in die woordeboek gebruik, is dit slegs NWSG wat enige verwysing na die gebruik van illustrasies bevat. Leerders word sodoende bewus gemaak van die betekeniswaarde wat illustrasies kan inhou.

Inligting oor die semantiese inhoud van woorde is baie belangrik vir die woordeboekgebruiker, maar slegs twee werkboeke, naamlik NWSG en HATS, bevat inligting

oor die leerder se verstaan van die definisie van 'n woord. NWSG bevat sewe aktiwiteite en HATS twee oor die verstaan van definisies. Die begrip van polisemiese onderskeidings blyk die belangrikste begrippe ten opsigte van semantiese inhoud vir die opstellers van die werkboeke te wees, aangesien drie werkboeke aktiwiteite daarvoor bevat. NWSG, HATS en OTSW bevat aktiwiteite rakende polisemiese onderskeidings van woorde. NWSG verduidelik dat woorde meer as een betekenis kan hê en dat dit met behulp van syfers in die woordeboek aangedui word. Woorde met polisemiese onderskeidings word in verskillende sinne gebruik en leerders moet dit in die woordeboek naslaan om te besluit watter Engelse vertaling die beste by die betekenisonderskeiding pas. Dit is 'n uitdagende oefening, maar met behulp van die woordeboek sal leerders die korrekte antwoorde bekom.

HATS verduidelik dat woorde meer as een betekenis kan hê en dan word leerders gevra om die aantal betekenis van sekere woorde te verskaf nadat die woorde in die woordeboek nageslaan is. OTS bevat slegs een vraag rakende polisemiese onderskeidings en leerders moet verskillende betekenis van 'n woord uit 'n gegewe woordeboekartikel neerskryf.

Sinonimie word slegs deur twee werkboeke, naamlik NWSG en PLS behandel. Soos deurgaans die geval in die werkboek, verskaf NWSG eers 'n verklaring van die betrokke begrip en dan word 'n woordeboekartikel gebruik om die voorkoms van sinonimie in die artikel te illustreer. As opdrag moet aanleerders die sinonieme van sekere woorde naslaan en neerskryf. NWSG is die enigste werkboek wat die gebruik van antonieme en voorbeeldsinne illustreer deur aktiwiteite daarvoor te verskaf. PLS verduidelik ook wat die begrip sinonimie behels en verskaf 'n lys van 24 woorde waarvan leerders die sinonieme moet neerskryf. Die woordeboek kan gebruik word om antwoorde te kontroleer.

HATS bespreek die onderskeid tussen homofone en homonieme, asook die verskil tussen formele en informele, en letterlike en figuurlike taalgebruik. In die algemeen word die hantering van semantiese inhoud in die werkboeke afgeskeep en beter hantering daarvan

sou kon verseker dat leerders en aanleerders die maksimum inligtingsoordrag uit die woordeboeke kan bekom.

5.4. Kommunikatiewe funksie

Die kommunikatiewe funksie van woordeboeke verwys onder andere na vertaling van tekste uit die moedertaal na die vreemde taal en omgekeerd. Slegs OTSW en PLA bevat kommunikatiefgerigte aktiwiteite. OTSW bevat twee oefeninge in vertaling waar leerders sinne moet vertaal. Dit is kort sinne en leerders word die instruksie gegee om sleutelwoorde in die woordeboek na te slaan. Vir 'n oefening in redigering word 'n paragraaf met spelfoute verskaf en leerders word versoek om dit te redigeer. Op die agterblad van die werkboek word die aanname gemaak dat die werkboek leerders sal help om die regte vertaling te kies. Dit is te betwyfel of dié doelwit bereik sal word, gesien in die lig van die weinig didaktiese leiding wat in terme van vertaling verskaf word.

PLA bevat 'n aktiwiteit vir vertaling en redigering. Vir die vertaling word 'n teks (uittreksel uit 'n kortverhaal) verskaf met die opdrag om die woordeboek te gebruik om dit uit Afrikaans in Engels te vertaal. Geen leiding of wenke word verskaf hoe om 'n vertaling aan te pak of hoe om 'n woordeboek as hulpmiddel daarvoor te gebruik nie. Vir die aktiwiteit in redigering word 'n teks gegee met die mededeling dat daarin "48 spel-en leestekenfoute" is, en aanleerders word versoek om dit te korrigeer. Dit kan opvoedkundig sinvol wees indien dit met behulp van 'n onderwyser se leiding aangepak word.

OTSW en PLS verleen hulp met teksproduksie in die moeder- en vreemde taal met behulp van aktiwiteite oor die skryf van briewe en informele kommunikasie. OTSW help met die skryf van briewe, e-posse en sms'e met behulp van bondige oefeninge. PLS beskik oor 'n hele afdeling oor hoe om formele en informele briewe te skryf, asook hoe om 'n projek saam te stel. In die subafdeling van formele briewe word daar voorbeelde van briewe verskaf, met verduidelikende kantaantekeninge daarby om leiding aan die leerder te gee.

Kriteria waarvolgens briewe geassesseer word, word verskaf wat baie nuttige inligting vir die gebruiker is. Goeie didaktiese leiding word sodoende gegee.

	NWSG	HATS	OTSW	PLS	PLA
Woordeboekfunksie					
Alfabetisering	3	2	2	2	2
Operasionele funksie					
1 Gidswoorde	1	1	1		
2 Inhoudsopgawe			1		
Verduideliking van woordeboekartikel	1		3	1	1
Kognitiewe funksies					
1 Spelling		3	1	1	
2 Leestekens			1		
3 Uitspraak (klem)	1				
4 Grammatikale inligting (woordsoorte)	1	3			3
5 Morfologiese inligting					
a meervoude	2	1			
b verkleinwoorde	2	1	1		
c verledetydsvorme	2	1	1		
d attributiewe vorme		1			
e intensiewe vorme		1			
f trappe van vergelyking	2	1	1		
g voor- en agtervoegsels			3		
Semantiese inligting					

1 Visuele inligting (illustriasies)	2				
2 Definisies (semantiese inligting)	7	1			
3 Homonieme	1	1			
4 Poliseemiese onderskeidings	1	1	1		
5 Sinonieme	2			1	
6 Voorbeeldsinne (sintaktiese inligting)	2				
7 Antonieme	2				
8 Homofone		1			
Kommunikatiewe funksie					
Vertalings	2		4		1
Redigering			1		1
Formele en informele kommunikasie			3	11	
Samestelling van 'n projek				1	

Tabel 1: Skematiese vergelyking van die inhoud van werkbouke n.a.v. woordeboekfunksies

6. Slot

In hierdie artikel is die teikengebruikers van werkbouke bepaal met behulp van omskrywings deur die betrokke werkbouke, asook die inhoud van die werkbouke. 'n Bespreking van die gepastheid al dan nie van die inhoud na aanleiding van die betrokke teikengebruiker is gedoen.

'n Nuwer indeling vir die inhoud van werkboeke, naamlik 'n indeling volgens die funksieteorie, word voorgestel. Dit is duidelik uit die skematiese vergelyking dat die inhoudstemas van werkboeke oorvleuel, byvoorbeeld betreffende die operasionele funksie. Vergelyk die klem wat op alfabetisering gelê word, gidswoorde, asook die verduideliking van woordeboekartikels. By die kognitiewe funksie is daar oorvleueling ten opsigte van spelling, grammatikale inligting, morfologiese inligting, asook semantiese inligting. Wat betref die kommunikatiewe funksie bestaan daar oorvleueling ten opsigte van vertaling en formele teenoor informele kommunikasie. Dit is dus funksies wat as belangrik beskou word deur werkboekopstellers en aandag moet geniet in die opstel van nuwe werkboeke.

Bibliografie

Du Plessis, M. 1998. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary Afrikaans–Engels/English–Afrikaans*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Gouws, R.H. 2001. *Lexicographic Training: Approaches and Topics*. Emejulu, J.D. (Red.). 2001. *Éléments de Lexicographie Gabonaise, Tome I*: 58-94. New York: Jimacs-Hillmann Publishers.

Gouws, R.H. 2006. Leerdergedrewe leksikografie. *Tydskrif vir Taalonderrig* 40(1): 72-84.

Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN PReSS.

Gouws, R.H. en S. Tarp. 2008. A New Step Forward for South African Learners' Lexicography: *The Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*. *Tydskrif vir Taalonderrig* 42(1): 65-79.

Gouws, R.H., M. Stark en L. Gouws. 2004. *Nuwe Woordeboek sonder grense*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Gouws, S. en M. Lätti. 2005. *Nuwe Woordeboek sonder grense werkboek Senior fase*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

HAT Aktiwiteite en speletjies. <http://www.longman-hat.co.za>.

Kromhout, J. 2004. *Skoolwoordeboek Afrikaans–Engels/School Dictionary English–Afrikaans*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Louw, P. (Red.). 2007. *Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*. Kaapstad: Oxford University Press, South Africa.

- Luther, J.** 2009. *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Paizee, D. en M.L. Kriel.** 2006. *Oxford Tweetalige Werkboek*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Smith-Müller, W.** 2006. *Pharos Leerderboek by die Aanleerderswoordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Smith-Müller, W.** 2007. *Pharos Leerderboek by die Skoolwoordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Stark, M.P.** 1990. *Dictionary Workbooks: A Critical Evaluation of Dictionary Workbooks for the Foreign Language Learner*. Exeter: University of Exeter Press.
- Tarp, S.** 2008. The Third Leg of Two-legged Lexicography. *Hermes. Journal of Linguistics* 40: 117-131.